GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# MEDIA STATEMENT

**Aan: Alle Media**

**Aandag: Nuus Regiseur**

**Vir onmiddelike verspreiding**

**11 Februarie 2020**

**LUR Lesufi is ontsteld oor nog sterftes deur leerder**

Die Gautengse LUR vir onderwys en jeugontwikkeling, mnr. Panyaza Lesufi, is ontsteld oor die tragiese dood van 'n 16-jarige gr. 10-leerder van die Hoërskool Ferndale wat van die derde verdieping op die balkon gespring het. Volgens die inligting tot ons beskikking het die oorlede leerder 'n epileptiese aanval gehad wat daartoe gelei het dat hy van die derde verdieping se balkon afgespring het. Paramedici en die ouers van die genoemde leerder is onmiddellik na die toneel ontbied en die leerder is na 'n nabygeleë hospitaal gehaas nadat hy op die toneel behandel was. Ongelukkig het die leerder aan sy beserings beswyk.

Tydens 'n afsonderlike voorval op Sondag, 9 Februarie 2020, het 'n 17-jarige meisie-leerder van die Hoërskool Tharabollo selfmoord gepleeg in haar huis. Na bewering het die leerder gif gedrink terwyl hy alleen tuis was. Toe sy gevind is, is sy na die Charlotte Maxeke Johannesburg Akademiese hospitaal gehaas, waarna sy met haar aankoms dood verklaar is.

Ongelukkig is dit onbekend wat die oorlede leerder aangespoor het om selfmoord te pleeg. Die polisie ondersoek omstandighede rondom hierdie ongelukkige voorval.

"Ons neem hierdie tyd om ons innige meegevoel aan die gesinne, vriende en die skoolgemeenskappe te betoon gedurende hierdie tyd van hartseer. Geen woorde is genoeg om ons hartseer uit te spreek oor die verlies van 'n kind nie. Ons hoop dat die gesinne vertroosting sal vind in die wete dat ons ook hul verlies deel," het LUR Lesufi gesê.

Ons Psycho Social Unit het begin met die nodige ondersteuning en voorligting aan albei skoolgemeenskappe en hierdie ondersteuning sal ook uitgebrei word na die bedroefde gesinne.

Ons doen 'n beroep op ouers en leerders om die LifeLine-inbelsentrum by 0861 322 322 te gebruik vir hulp indien nodig.

LUR Lesufi besoek môremiddag, 12 Februarie 2020, die Hoërskool Ferndale en die bedroefde gesin.

**Vir meer inligting, kontak die Gautengse Departement van Onderwys se woordvoerder, Steve Mabona by 072 574 3860.**

**Uitgereik deur die Gautengse Departement van Onderwys**

**Vir mediaverklarings, toesprake en nuus besoek die Gautengse Provinsiale Regering se portaal by www.gauteng.gov.za**